



Verwysing: 20200124-3574  
Lêerno.: 13/7/1/2  
Navrae: Vakadviseurs

Assesseringsbestuursminuut: 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteurs, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Eksamenriglyne vir graad 12 se 2020 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (NSS-eksamens) in Rekeningkunde, Besigheidstudies en Elektriese Tegnologie**

1. Eksamenriglyne vir Rekeningkunde, Besigheidstudies en Elektriese Tegnologie is ontwikkel.
2. Die Raad van Onderwysministers het goedgekeur dat die huidige Rekeningkunde- en Besigheidstudies-eksamen in **twee** twee-uur vraestelle van 150 punte elk verdeel word, met implementering in graad 12 in 2020.
3. Daar was nie eksamenriglyne vir die vak, Elektriese Tegnologie, nie, maar onderwysers en vakadviseurs het egter met die bekendstelling van die drie spesialisareas in graad 12 in 2018 'n versoek om eksamenriglyne gerig.
4. Eksamenriglyne is ontwikkel om onderwysers en leerders in hulle voorbereiding vir die 2020 NSS-eksamens te help.
5. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie eksamenriglyne nie die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vervang nie omdat dit slegs inligting verskaf oor die finale NSS-eksamen en, waar nodig, die omvang en diepte van die inhoud wat geassesseer moet word, verduidelik. Daar word dus aanbeveel dat elke riglyn altyd saam met die KABV vir die vak gebruik word.
6. Die graad 12-eksamenriglyne vir Rekeningkunde, Besigheidstudies en Elektriese Tegnologie is op die webwerf van die Departement van Basiese Onderwys onder "Curriculum" of by die volgende skakel: <https://bit.ly/36jyP9H>, beskikbaar.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie inligting onder die aandag van alle onderwysers van openbare en onafhanklike skole te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2020-01-28